*Maandag* **2 Junie**

**Skrifgedeelte: Eksodus 33:7-23**
**Fokusgedeelte: Eksodus 33:14, 17 (AFR53/83/2020)**

**Die HERE is met ons elke tree wat ons gee**

Die HERE vra vir Moses: “Moet Ek self meegaan om jou die rusplek te verskaf?” Die woorde “rusplek” en “rus” is in die Hebreeus ryk aan betekenis. Dit dui nie alleen op die “rus na werk” nie, maar ook om sekuriteit te hê. Die woorde word ook gebruik om God se voorsienigheid te verduidelik. God is in beheer en Hy stuur gebeure in ’n bepaalde rigting. Wie dit glo, vind ware rus.

Hoe smag ons nie daarna nie! Moses het ook daarna gesmag. Die volk het hom moedeloos gehad. Na die volk se aanbidding van die goue kalf (Eks. 32), sê die HERE dat Hy nie verder met die volk sal trek nie. Maar Moses sê: “As U nie self meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie” (vs 15). Is dit ’n arrogante versoek van Moses? Nee, let op die basis waarop Moses hierdie versoek aan God rig. Hy herinner die HERE in vers 12 aan wat Hy gesê het: “Ek ken jou by die naam, en jy het ook genade in my oë gevind.” Die HERE bevestig dit in vers 19. Hy roep sy Naam “die HERE” voor Moses uit en laat Homself van agter sien. Hy sit Moses in ’n rotsskeur en maak hom met sy hande toe. Hy beskerm Moses en versterk hom vir die trekpad wat voorlê! Hy sal meegaan!

Ons kan God ook nie sien nie. God het Hom in Jesus Christus kom sigbaar maak toe Hy mens geword het. Hy is Immanuel – God met ons. Hy het die lydingspad enduit geloop en vir ons die pad so oop en begaanbaar gemaak. Hy het vir ons rus aan die kruis bewerk. Hy verseker ons dat Hy saam met ons op die pad is. Ons hou ons oë in die geloof op die Here.

*Sing: Psalm 25-1:6*
*Ds. AL (Abri) Pelser (Bethlehem)*